


DONKERLIG
DARKLIGHT

## WAAR RUS IS

Hou my aan 'n lyn en wurg my weer dit maak nie meer, nie meer so seer nie.
Hou jou stelsel vir jouself of maak my deel daarvan, dit maak nie meer saak nie.

Nie net nou nie, ek't Jou altyd, altyd om my op te tel.
Nie netnou nie, ek't Jou nou dadelik nodiger as ooit te vore,
Nodig om jou stem te hoor.

Maak 'n moordkuil van jou hart, ek sal nog als vertel, as die tyd reg is.
Red die reddingswerkers sodat hulle ons kan red, hier op ons sterfbed.

Nie net nou nie, ek't Jou altyd, altyd om my op te tel.
Nie netnou nie, ek't Jou nou dadelik nodiger as ooit te vore,
Nodig om jou stem te hoor

Sy sê dit, o so mooi: "Na waters waar rus is, lei Hy my heen"

Nie net nou nie, ek't Jou altyd, altyd om my op te tel
Nie netnou nie, ek't Jou nou dadelik nodiger as ooit te vore
Nodig om te gaan na waters waar rus is lei Hy my heen
Na waters waar rus is, lei Hy my heen. Na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Waar rus is, lei Hy my heen. Waar rus is, lei Hy my heen.

Kontak ons op **Facebook** of e-mail **jacblancband@gmail.com** of besoek **www.jacblanc.co.za** Kontak Darryl de Lange: **darryl@musicology.co.za**